The use of earth leakage units in domestic and industrial installations has yielded considerable information. Initially earth leakage units were installed to protect the whole domestic installations. The high sensitivity of the unit demanded the appliances to have very small leakage currents and to maintain this condition. This is not easy to achieve, particularly with some ceramic embedded and similar heating elements which exhibit a natural low insulation resistance at high temperatures. Fortunately, appliances with such characteristics are normally of the "fixed" type and could be bypassed. There is no known record of any fatality or serious injury caused by a fixed electric stove except where the electric wiring of the stove was tampered with by an unauthorised and untrained person or where the body of the stove served as a good "earth". The majority of such fatalities due to electricity occurred with portable appliances energised from socket outlets. There is thus a strong case for installing earth leakage units on socket outlet sub-circuits only and thus provide protection where it is needed most. While many other conditions exist and deserve separate consideration, the above could serve as the first practical approach.

Another aspect in connection with earth leakage protection is its role as a "warning monitor". Should an earthed appliance begin to deteriorate with consequent leakage of current to earth, the overload protection would not normally operate but the earth leakage protection will operate and give warning of possible impending danger and thus help keep appliances in good electrical condition.

While it is realised that earth leakage devices do not protect under all conceivable conditions, yet they are the most advanced contribution in the field of safety measures against the hazards of electricity. Serious consideration should thus be given to eventual provision of earth leakage protection on all domestic installations and where electrical hazards may exist.

ELEKTRIESE BESKERMING MET SPESIALE VERWYSING NA AARDLEKKE.

deur E. Tarchalski, B.Sc(Ing.), AM(S.A.)I.E.E.

Elektrisiteit is 'n groot seën vir die mens maar moet goed versorg word anders is dit gevaarlik.

Vir tegniese en veiligheidsredes word die laagspanningswikkeling van distribusie transformators ge-aard. Die eerste verbruikersinstallasies was die eenvoudige lig en ook hier is die metaalpype wat die geleiers moet beskerm ge-aard ten einde dit veilig te maak ingeval van foute; toe het draagbare toerusting gevolg en die metaaldele moes weer vir veiligheidsredes deur die buigbare snoer ge-aard word. Uit die aard van die saak is aarding van die apparaat deur middel van die buigbare snoer onbetroubaar, gevaarlik en die oorsaak van baie ongelukke.

By verre die grootste aantal noodlottige ongelukke met elektriese toerusting is as gevolg van die gebruik van draagbare apparaat.

Alhoewel die gebruik van elektrisiteit steeds toeneem is dit eers betreklik onlangs dat vordering op die gebied van beskerming gemaak is toe die sensitiewe gebalanseerde spoeltipe relê ontwikkel en gebruik is.

Op hierdie gebied was die Suid-Afrikaanse ingenieurs aan die spits. Baie is reeds gesê en geskrywe oor die „gevaar-

like" en „veilige" strome met betrekking tot elektrokusie maar die S.A.B.S. spesifikasie No. 767-1964 is die eerste van sy soort in die wêreld wat 'n stroom van 25 milliampere as nie gevaarlik vir die gewone persoon aanvaar.

Die gebruik van aardlek-relês in huishoudelike en nywerheidsinstallasies het baie inligting opgelewer.

Probleme is ondervind deur die hele installasie in 'n huis daarmee te beskerm. Gelukkig is noodlottige ongelukke as gevolg van foute op vaste toestelle betreklik seldsaam. Ongelukke spruit meestal uit die hantering van draagbare toerusting wat vanuit kontakdose gevoer word. Daar is dus 'n sterk saak uit te maak om vir 'n begin altans, aardlekrelês net op die stroombane vir kontakdose aan te bring. Dan dien die relês ook 'n goeie doel om te waarsku teen ontwikkelende gevare.

Alhoewel die aardlekrelê nie onder alle moontlike omstandighede doeltreffend mag wees nie behoort ernstige oorweging daaraan geskenk te word om dit geplaas te kry op alle huishoudelike installasies en waar elektriese gevare bestaan.

THE ASSOCIATION OF MUNICIPAL ELECTRICITY UNDERTAKINGS OF SOUTHERN AFRICA.

NOTICE OF 1966 TECHNICAL MEETING.

We herby confirm that the 1966 Technical Meeting of the Association will be held on the 2nd May, 1966 at 8.30 a.m. in the City Hall, Bloemfontein.

DAVIDSON & EWING (PTY.) LTD.
per R. G. EWING.
Secretaries.

Items for discussion will include:

(1) Earthing.
(2) Rights of supply.
(3) Shortage of Technical Man-power.
(4) Discussion will also take place on the following if time permits:
   (a) Limited demand tariffs where a circuit breaker or other device cuts off the supply when the demand reaches a predetermined amount.
   (b) Transformers: (i) Capitalisation.
   (ii) Voltage Regulation.
   (c) Overhead Lines: Protection.
(5) Reports of sub-committees and Representatives.

All Delegates are reminded that lunch will be available at the venue of the meeting.

DIE VERENIGING VAN MUNISIPALE ELEKTRISITEITSONDERNEMINGS VAN SUIDELIKE AFRIKA.

KENNISGEWING VAN DIE 1966 TEGNIESE VERGADERING.

Ons bevestig hiermee dat die 1966 Tegniese Vergadering van die Vereniging sal op 2 Mei, 1966 om 8.30 v.m. by die Stadsaal, Bloemfontein, gehou sal word.

DAVIDSON EN EWING (EDMS.) BPK.
per R. G. EWING.
Sekretarisse.

Insluitend in die Bespreking sal die volgende Items verskyn:

(1) Aarding.
(2) Voorsieningsregte.
(3) Tekort aan Tegniese mannekrag.
(4) Bespreking van die volgende indien tyd beskikbaar is:—
   (a) Beperkte aanvraagtariewe waar 'n stroomverbreker of ander toestel die toevoer afsny indien die aanvraag die voorafbepaalde perk oorskry.
   (b) Transformators: (i) Kapitalisering;
   (ii) Spanning regulasie.
   (c) Bogrondse lyne: Beskerming.
(5) Verslae van Sub-komitees en Verteenwoordigers.

Alle Afgevaardigdes word herinner dat middagete bedien sal word by die Bloemfontein se Stadsaal.

HOT DIP GALVANISED ZINC COATINGS.

No meetings have been held this year of the committee appointed by the Council of the South African Bureau of Standards as the Bureau were of opinion that sufficient information had been obtained to formulate an omnibus specification for the hot dip galvanising and testing of articles and wire.

The draft specification is in the process of formulation.

P. A. GILES,
Representative.

'n Vertaling van hierdie verslag sal by die vergadering beskikbaar wees.

RIGHTS OF GENERATION AND SUPPLY SUB-COMMITTEE.

1. This sub-committee has taken over amongst other items the functions of the Original Orange River Hydro Electric Project sub-committee.. Messrs. Giles and de Villiers attended a meeting of the United Municipal Executive in Pretoria on 11th August, 1965 and the following points were stressed in the discussion:—
   (a) Strong views were expressed that local authorities should not be restricted in their efforts to build and extend their own supply undertakings wherever it is

found to be more economical to do so than to take a supply from Escom.

(b) Having regard to the enormous capital cost and the resolve to use revenue from electricity to pay for the dams in the Orange River, it is seriously doubted whether Escom would be able to supply electricity at a reasonably economic tariff compared with local authorities in the affected area who have established large supply undertakings.

(c) Local authorities should not agree to Escom monopolising the supply of electricity. There is no guarantee that Escom will supply electricity more cheaply and if there is no competition there is no means of testing the fairness of its tariffs.

(d) The desirability of developing the electricity supply industry in the national interest is conceded but at the same time the existing rights and interests of local authorities should be protected as far as possible.

(e) It is undesirable that Escom should be the advisers to the Provincial Administrations on the electricity supply schemes of local authorities, as they are then virtually acting as arbiters in their own cause.

(f) When Escom conducts investigations in regard to electricity supply and the undertakings of local authorities are likely to be affected in the area investigated there should be close consultation with those local authorities.

(g) Some indication should be given as to when and the extent to which electric power may be expected to become available from the Orange River scheme.

(h) Steps should be taken to rectify known defects in the Electricity Act, 1958. It should be mentioned that information in this regard has been obtained from Paarl who acted as convenor for a number of local authorities in the Western Cape in recent discussions with the Electricity Control Board.

Consideration of these items is progressing.

2. A meeting of the sub-committee was held on 17th January, 1966 to compile a memorandum to the United Municipal Executive of South Africa on the matters concerning supply of electricity by local authorities outside their areas of jurisdiction, raised in the letter of the 10th September, 1965, reference A.3/7/2, addressed to the Director of Local Government, Transvaal Provincial Administration, by the Secretary for Commerce and Industries. This memorandum has been circulated to members (Bulletin 77).

3. A delegation consisting of Messrs. Giles, de Villiers and Frantz attended a meeting of the United Municipal Executive on 22nd February, 1966 where Items 1 and 2 above were discussed, but a more urgent matter arose in reference to Witbank where the municipal area has been extended into Escom's area of supply and the Electricity Control Board have advised that a condition for the take over of the electricity supply in the incorporated areas by Witbank is the need to prove to the Board that the consumers in these areas will be satisfied with such an arrangement.

This item 3 will be considered at the next meeting of the Rights of Generation and Supply sub-committee. It is hoped to prepare a report for submission to the August 1966 meeting of the United Municipal Executive.

P. A. GILES,
Convenor.

'n Vertaling van hierdie verslag sal by die vergadering beskikbaar wees.

SOUTH AFRICAN NATIONAL COMMITTEE OF THE WORLD POWER CONFERENCE

The objecs of the World Power Conference are the peaceful use of energy resources to the greatest benefit of all, both nationally and internationally by:

i) Considering the potential resources and all the means of production of energy in all their aspects,

ii) Collecting and publishing data on energy resources and their utilization,

iii) Holding conferences of those concerned in any way with surveying, developing, or using energy resources.

The South African National Committee consists of representatives from :-

The Electricity Supply Commission, Johannesburg

South African Railways

The South African Institution of Mechanical Engineers

SUID-AFRIKAANSE NASIONALE KOMITEE VIR DIE WÊRELDKONFERENSIE M.B.T. KRAG.

Die doelstellings van die Wêreldkonferensie M.B.T. Krag is die vreedsame aanwending van energiebronne tot die voordeel van almal, beide op nasionale en internasionale wyse deur:

i) Oorweging te verleen aan potensiale bronne en al die middele vir energieproduksie uit alle aspekte beskou.

ii) Die bymekaarmaak en publikasie van data T.O.V. energiebronne en die gebruik daarvan.

iii) Die hou van konferensies deur alle belanghebbendes wat enigsins betrokke is by die opneem ontwikkeling en gebruik van energiebronne.

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Komitee bestaan uit verteenwoordigers van —

Die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie, Johannesburg.

Die Suid-Afrikaanse Spoorwee.

Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Werktuigkundige Ingenieurs.

The South African Institute of Electrical Engineers
The Associated Scientific and Technical Societies of South Africa
The Association of Municipal Electricity Undertakings of Southern Africa
The Fuel Research Institute of South Africa
The South African Atomic Energy Board
The Department of Labour.
The Department of Mines
The Transvaal and Orange Free State Chamber of Mines

The Council for Scientific and Industrial Research with Dr. Strazacker as chairman and Mr. G. R. D. Harding as secretary.

World Power Conferences are held every sixth year, the last having taken place in 1962, in Melbourne, Australia, while the next is due in 1968, the venue being Moscow, U.S.S.R.

Sectional meetings are held every alternate year. The 1964 meeting was in Lausanne, Switzerland and the 1966 meeting will be in Tokyo, Japan.

Meetings of the Executive Council are arranged every year, the last, in 1965, being held in Haifa, Israel.

The South African National Committee was represented in Lausanne by Dr. Strazacker and Mr. Harding, both of whom have also been delegated to attend the Sectional Meeting in Tokyo this year.

Meetings of the South African National Committee are held annually in Johannesburg.

At the meeting which took place on the 25th March, 1965, Dr. Strazacker reported briefly on the Sectional Meeting held in Lausanne in 1964. The theme of this meeting had been "The Struggle against Losses in the Field of Energy Economics".

There had been over 1,100 participants and about half that number of accompanying persons from 59 member countries. 146 Papers had been circulated before-hand and discussed at the meeting, which lasted five days.

The theme itself had been divided into various divisions under four main sections, the first being "General Aspects", the second "Avoidance of Losses in Conversion", subdivided into five sections according to the type of power (mainly water, thermal and nuclear), then fuel conversion and finally direct conversion. The third section had been the "Avoidance of Losses" in connection with fuel transport and power transmission and lastly "Losses in Industrial Utilization". That part had been divided into two sections, one dealing with industry and one dealing with space heating.

In connection with the section dealing with industry, Dr. Strazacker had been asked to act as Vice-Chairman. This section dealt mainly with the application of power in industry, particularly the steel and petroleum industries.

Dr. Strazacker said that what impressed him most was the evidence of very rapid development in places, hinging on extensive research both by manufacturing firms and the public utilities.

Die Suid-Afrikaanse Instituut vir Elektrotegniese Ingenieurs.
Die Geassosieerde Wetenskaplike en Tegniese Verenigings van Suid-Afrika.
Die Vereniging vir Munisipale Elektrisiteitsondernemings van Suidlike Afrika.
Die Brandstofnavorsingsinstituut van Suid-Afrika.
Die Suid-Afrikaanse Atoomkragraad.
Die Departement van Arbeid.
Die Departement van Mynwese.
Die Transvaalse en Vrystaatse Kamer van Mynwese.

Die Raad vir Wetenskaplike en Nywerheidsnavorsing met Dr. Strazacker as Voorsitter en Mnr. G. R. D. Harding as Sekretaris.

Konferensies i.v.m. Wêreldkrag word elke sesde jaar gehou en die jongste het in Melbourne, Australië, in 1962 plaasgevind terwyl die volgende een vir 1968 bepaal is en in Moskou, Rusland, gehou sal word.

Afdelingsbyeenkomste vind elke alternatiewe jaar plaas. Die 1964-vergadering was in Lausanne, Switserland, en die 1966-vergadering sal in Tokyo, Japan gehou word.

Vergaderings van die Uitvoerendekomitee word elke jaar gereël en die laaste een is gedurende 1965 in Haifa, Israel gehou.

In Lausanne was die Suid-Afrikaanse Nasionalekomitee deur Dr. Strazacker en Mnr. Harding verteenwoordig. Albei van hulle is ook afgevaardig om die Afdelingsbyeenkoms vanjaar in Tokyo by te woon.

Vergaderings van die Suid-Afrikaanse Nasionalekomitee word jaarliks in Johannesburg gehou.

Op die vergadering wat op 25 Maart 1965 plaasgevind het, het Dr. Strazacker en Mnr. Harding kortliks verslag oor die Afdelingsbyeenkoms wat in Lausanne in 1964 gehou was, gelewer. Die tema vir hierdie vergadering was „Die stryd teen verliese op die terrein van Energie-Ekonomie".

Daar was meer as 1,100 deelnemers en ongeveer die helfte van hierdie getal ander persone uit 59 ledelande wat hulle vergesel het. Altesaam 146 lesings is vooraf gesirkuleer en op die vergadering wat vyf dae geduur het, bespreek.

Die tema in sigself is in verskillende afdelings onderverdeel onder vier hoofseksies. Die eerste hiervan was „Algemene aspekte", die tweede „Voorkoming van Verliese in Omsetting", onderverdeel in vyf seksies volgens die soort van krag (hoofsaaklik water-kern- en termale krag), dan brandstofomsetting en ten laaste direkte omsetting. Die derde seksie was „Voorkoming van Verliese i.v.m. Brandstofvervoer en Kragtransmissie" en laaste „Verliese in Nywerheidsaanwending". Hierdie gedeelte is in twee seksies verdeel, die een waarvan oor die nywerheid handel en die ander oor ruimteverhitting.

Met betrekking tot die seksie wat oor die nywerheid handel, is Dr. Strazacker gevra om as ondervoorsitter waar te neem. Hierdie seksie het hoofsaaklik gehandel oor die aanwending van krag in die nywerheid, veral ten opsigte van die staal- en petroleumnywerhede.

Dr. Strazacker het gesê dat wat hom die meeste beïndruk het, die getuienis was dat daar in sekere vertakkinge snelle ontwikkeling plaasvind as gevolg van uitgebreide navorsing deur beide vervaardigingsfirmas en publieke utiliteitsondernemings.

That research had led to a marked decrease in the capital cost per kilowatt in electric plant, irrespective of the type of plant, mainly by increasing the size of the units and by improving efficiencies of the conventional type, as well as improving efficiencies by developments in new directions, particularly in the nuclear field. Those improvements were such that on the generation side thought was being given to units 1,000 MW or even 1,200 MW in size. On the power transmission side the first 750 kV lines were already going into operation, and thought was being given to high voltage transmission of up to 1,000 kV. An aspect that had been given a good deal of attention at the meeting was the integration of the various sources of energy, taking the ordinary fossil fuel which was still the main source of energy for power generation, and combining with it hydro power sources. Pumped storage schemes were coming to the fore more and more because of the fact that hydro potential as a generating source, was gradually coming to the end of possible development, because the best sites had already been used. Nuclear power was coming in very rapidly for base load purposes, and gas turbines for peaking. The application of jet engines in gas turbines for power generation, often as a movable unit or for peaking at certain times of the day, sprang from the jet engines developed to a high degree for military purposes.

On the matter of cooling towers and cooling in general for large power stations, the "dry" cooling tower was receiving a good deal of attention, and was a type of cooling tower that he thought would grow in importance so far as South Africa was concerned. A "dry" cooling tower was in operation at Rugeley Power Station for a 120 MW unit and from all reports was working quite well, apart from the initial teething troubles. His conclusion was that the "dry" cooling tower had come to stay and would cover a wide field.

The progress made with direct conversion was perhaps slower than was envisaged some time ago but steady progress had nevertheless been made. The general feeling had been that by 1980 direct conversion would have developed to such an extent that it could be thought of on a larger scale than at the present. A good deal of experimental work, which was very intricate, was being carried out on magnetohydro dynamics. Both the World Power Conference and the special Conference which was held in Geneva two weeks before the World Power Conference had indicated rapid progress in reducing the capital cost of nuclear plant. That was due mainly to technological development of the components of that plant. There were places where normal fuel costs were high and where nuclear power was becoming competitive mainly for large units. Much depended on the price of fuel. A number of smaller countries did not have cheap fuel. Among those were Pakistan, Israel, Peru and the Arab Republic, which were going ahead with nuclear stations. Such stations would involve high capital cost, but the smaller countries often received financial support from the U.S.A. and the U.K., or from the companies designing the stations. In those particular cases nuclear power stations were already economic, otherwise his general impression was that the development in that field had not yet reached the stage where, with the cheap fuel prices in South Africa, nuclear power was competitive, but developments should be watched

Hierdie navorsing het gelei tot 'n merkbare vermindering in die kapitale koste per kilowatt ten opsigte van elektriese toerusting en masjinerie, ongeag die soorte daarvan, hoofsaaklik deur die grootte van die eenhede te laat toeneem en deur die doeltreffendheid van konvensionele tipes te verbeter, sowel as om doeltreffendheid te verbeter deur ontwikkelings in nuwe rigtings, veral op die kernkraggebied. Hierdie verbeterings was sodanig dat daar, wat ontwikkeling betref, gedink is aan eenhede van 1,000 MW of selfs 1,200 MW in omvang. Wat betref kragtransmissie, word die eerste 750 kV lyne reeds in werking gebring, en daar word ook gedink aan hoogspanningstransmissie van tot 1,000 kV. 'n Aspek waaraan die vergadering heelwat aandag gegee het, was die integrasie van die verskillende bronne van energie, bv. deur fossielbrandstof, wat nog steeds die hoof energiebron vir kragontwikkeling is, met waterkragbronne te verbind. Skemas met betrekking tot gepompde voorrade tree meer en meer op die voorgrond aangesien water as 'n kragbron geleidelik aan die einde van sy eksploitasie- en ontwikkelingsmoontlikhede kom omdat die beste persele in hierdie opsig reeds in gebruik is. Kernkrag tree snel op die voorgrand veral ten opsigte van basiese belading, en gasturbines vir spits-belading. Die aanwending van spuit-motore in gasturbines, in baie gevalle as mobiele eenhede, vir kragopwekking of om spitsaanvraag te voorsien op sekere tye van die dag, ontstaan uit die feit dat op militêre gebied spuit-motore tot 'n baie hoë graad ontwikkel is.

Met betrekking tot verkoelingstorings en verkoeling in die algemeen by groter kragstasies, geniet die sogenaamde „droë" verkoelingstoring heelwat aandag en vir so ver dit Suid-Afrika betref is dit 'n tipe van verkoelingstoring wat in belangrikheid sal toeneem. 'n „Droë" verkoelingstoring vir 'n 120 MW eenheid is by Rugeley-kragstasie in gebruik en volgens alle verslae werk dit baie goed, afgesien van die tandekrymoelikheidjies. Sy gevolgtrekking is dat die „droë" verkoelingstoring sy plek permanent ingeneem het en 'n wye veld sal dek.

Die vordering wat daar met direkte omsetting gemaak is, was miskien stadiger as wat voorsien was maar stelselmatige vordering kan nietemin gerapporteer word. Die algemene gevoel was dat direkte omsetting teen 1980 in so 'n mate sou ontwikkel het dat daar dan op groter skaal daaraan gedink sal kan word as wat vandag geval is. Aanmerklike en ingewikkelde eksperimentele werk word reeds uitgevoer in verband met die magnetohidrodinamika. Sowel die wêreldkonferensie as die Spesiale Konferensie wat in Geneva gehou is twee weke voor die Wêreld Konferensie het die aanduiding gegee dat kapitale koste van kernkraginstallasies snel aan die afneem is. Dit kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die tegnologiese vordering wat daar gemaak is i.v.m. die onderdele van hierdie soort installasies. Daar is plekke waar normale brandstofkostes hoog is en waar kernkrag, veral met betrekking tot groot installasies mededingend word. Die groot faktor is die prys van brandstof. 'n Hele paar van die kleiner lande beskik nie oor goedkoop brandstof nie. Onderhulle is Pakistan, Israel, Peru en die Arabiese Republiek wat voortgaan met die ontwikkeling van kernkragsentrales. Sulke sentrales sal groot kapitale koste meebring maar die kleiner lande kry dikwels geldelike hulp van die V.S.A., die Verenigde Koninkryk of van die maatskappye wat hierdie kernkragsentrales ontwerp. In hierdie besondere gevalle is kernkragsentrales reeds ekonomies, ander-

very closely. Sight should not be lost of the lack of water in South Africa and since the coal deposits did not happen to be in the coastal areas, water for inland power stations had to be found on the coalfields. Consequently, the possibility of a nuclear station on the sea front had to be kept in mind, and that pointed to the need to devote attention to the interconnection of Escom's systems throughout the Republic. That was taking place systematically and fairly rapidly. Escom was planning to build transmission lines through to Cape Town by 1969, and that it would be possible to have a nuclear station, for example, at Cape Town. Large units could possibly be installed because power not absorbed in the Cape could be transmitted elsewhere.

Nuclear power so far hinged on uranium, and the various discussions that had taken place on that front had pointed to the inadequacy of uranium reserves. Once the change over to nuclear power started, as was expected, by the middle 1970's, there would be insufficient cheap uranium, and an alternative fuel would have to be found.

Dr. Strazacker, continuing, said that it was interesting to see how the different countries applied differential tariffs for certain types of load during their peak periods on the basis off the load at any time if it was necessary for it to do so, and that such loads were not definite. The power utility could call on that basis it was prepared to grant certain reduced tariffs. That was made use of to a large extent in Britain, for example, where such an arrangement could work quite well with their type of load factor.

Dr. A. J. A. Roux, Director-General of the Atomic Energy Board then commented briefly to the effect that remarkable progress had been made during recent years in making nuclear power more competitive, there was the possibility that during the next 10 to 15 years several nuclear power stations might be erected. It had been mentioned that the world might have to look again at its uranium reserves. That was a very important matter, as South Africa was the third largest producer and had the second largest reserves in the world. If one looked at South Africa's reserves and at the possible consumption, one would be forced to the conclusion that the reserves would not last a long time. In that connection it might be of interest to know in what direction one had to work apart from looking for new reserves. If, for instance, South Africa could extract uranium from low grade ores yielding down to .1 lb. uranium per ton of ore, instead of .25 lb. or .3 lb. as at present, the position regarding its reserves would change considerably.

Nuclear energy was also becoming of particular interest in situations where not only power was needed but also fresh water. At the Geneva Conference, there had been a good deal of discussion on new purpose stations to be used, apart from power generation, for desalination of sea water.

Further discussion evoked the opinion that coal reserves could last well into the next century, but that by the end of the present century, nuclear power would have to supply more

sins is dit sy algemene indruk dat die ontwikkeling in hierdie veld nog nie die stadium bereik het waar, die goedkoop brandstofkostes in Suid-Afrika in ag geneem, kernkrag wedywerend geword het nie. Ontwikkelings moet, egter, noukeurig dopgehou word. Die gebrek aan water in Suid-Afrika moet ook nie uit die oog verloor word nie en aangesien steenkoolneerslae nie in die kusgebiede voorkom nie moet water vir die binnelandse kragstasies in die steekoolvelde self gevind word. Die moontlikheid van 'n kernkragstasie op die seefront moet dus in gedagte gehou word en vanselfsprekend bring dit weer die noodwendigheid om aandag te skenk aan die onderlinge verbindings oor die hele Republiek tussen EVKOM se sisteme, na die voorgrond.

Dit gebeur tans sistematies en redelik vinnig. EVKOM beplan reeds die bou van transmissielyne wat tot in Kaapstad sal strek en wat teen 1969 voltooi sal wees. Hierdie ontwikkeling sal dit byvoorbeeld moontlik maak om 'n kernkragstasie in Kaapstad te bou. Groot eenhede sal klaarblyklik geïnstalleer kan word omdat krag wat nie in die Kaap self verbruik word nie elders heen gelei kan word.

Tot dusver is uranium nog die basis van kernkragontwikkeling en die verskillende diskussies wat plaasgevind het, het daarop gedui dat uraanreserwes onvoldoende is. Wanneer daar, soos verwag word, na kernkragstasies oorgeskakel word (teen midde 1970) sal daar nie genoeg goedkoop uraan beskikbaar wees nie en 'n alternatiewe brandstof sal gevind moet word.

Voortgaande het Dr. Strazacker gesê dat dit interessant was om te sien hoedat verskillende lande gedifferensieërde tariewe toepas vir sekere soorte ladings gedurende die spitstye op die grondslag dat sulke ladings nie werklik bestaan nie. Die Kragutiliteitsonderneming kan die kraglading te enige tyd staak as dit vir hom nodig word om dit te doen en op hierdie grondslag is die onderneming bereid om sekere verminderde tariewe aan te bied. In Groot Brittanje, byvoorbeeld, waar so 'n reëling baie goed inpas by die tipe van ladingsfaktor waarmee hulle werk, word op groot skaal hiervan gebruik gemaak.

Dr. A. J. A. Roux, Direkteur-Generaal van die Atoomkragraad het vervolgens kortliks kommentaar daaroor gelewer dat daar die afgelope jare opmerklike vooruitgang gemaak is ten opsigte daarvan om kernkrag meer wedywerende te maak. Dit is moontlik dat daar gedurende die volgende 10 - 15 jaar 'n hele paar kernkragsentrales opgerig sal word. Daar is op gewys dat die wêreld weer 'n opname van sy uraanreserwes behoort te maak. Wat Suid-Afrika betref is dit 'n baie belangrike saak omdat die land die derde grootste uraanprodusent is en wat reserwes betref, tweede op die wêreldlys staan. As mens Suid-Afrika se reserwes beskou en die moontlike verbruik bereken dan word mens tot die gevolgtrekking gedwing dat die bestaande reserwes nie lank sal hou nie. In hierdie verband is dit van belang om te weet in watter rigting mens moet werk, afgesien daarvan dat daar vir nuwe reserwes op die uitkyk moet wees. As Suid-Afrika, byvoorbeeld, laegraadse uraanerts kan ontgin wat tot by .1 lb uraan per ton erts kan lewer i.p.v. .25 lb of .3 lb, soos tans, dan sal die toestand vir sover dit reserwes aangaan aanmerklik verander.

Kernkrag word bepaald al meer belangrik in gevalle waar nie net krag nie maar ook vars water nodig is. Op die Geneva-konferensie was daar heelwat diskussie oor die sogenaamde nuwedoelstellingsstasies wat gebruik kan word vir

than half the power generated, if coal was to be preserved for other purposes. It was definite that something had to be done to move into the nuclear field fairly soon.

Regarding nuclear fuels other than uranium and Thorium, it seemed that progress was being made in principles rather than practice and that it would probably be the end of the present century before fusion would yield something practical. After that the problems would be solved as far as fuel was concerned.

Concluding the report on the Lausanne Sectional Meeting it was stated that two papers from South Africa had been presented — namely,

a) Economic Utilisation of Energy in the Transvaal and Orange Free State Gold Mines, by M. R. Gericke and W. Fenwick.

b) Experience with the Hydraulic Stowage of Power Station Ash in an Adjacent Coal Mine and the Utilisation of the Transporting Water to Carry Coal from the Mine to the Power Station, by G. J. N. Limebeer.

sowel kragopwekking as die ontsouting van seewater.

Verdere diskussie het die mening voortgebring dat steenkoolreserwes tot diep in die volgende eeu sal hou. Teen die einde van die huidige eeu sal kernkrag, egter, meer as die helfde van die opgewekte krag moet verskaf as ons steenkool vir ander doeleindes wil bewaar. Dit is duidelik dat daar na die kernkrag veld beweeg sal moet word en dat daar redelik gou iets daaromtrent gedoen sal moet word.

Betreffende kernkragbrandstowwe ander dan uraan en Thorium wil dit voorkom as-of die vordering eerder in prinsiep as in praktyk geskied en dat fusie eers teen die einde van hierdie eeu iets prakties sal oplewer. Daarna sal die probleme in verband met brandstof opgelos word.

Ter afsluiting van die verslag oor die Lausanne Seksiebyeenkoms is daar gemeld dat twee verhandelings uit Suid-Afrika voor die vergadering gelewer is:

a) Ekonomiese aanwending van energie in die Transvaalse en Vrystaatse Goudmyne — deur M. R. Gericke en W. Fenwick.

b) Ondervindings met die Hidroliese Berging van Kragstasie-as in 'n nabygeleë steenkoolmyn en die Aanwending van die Water waarin die As Vervoer word vir die Terugvoer van Steenkool na die Kragstasie — deur G. J. N. Limebeer.